

14 Desember

Skrifgedeelte: Matteus 16:13-20

Fokusgedeelte: Matteus 16:18a

Die kerk is deur God gebou op Jesus Christus as die Rots

Selfs vandag nog is Jesus vir baie mense net 'n mens afkomstig van Nasaret. Sommiges reken dat Hy tog iemand belangrik is, soos 'n profeet. Net die mense aan wie God dit openbaar, kan insien dat Jesus die Christus, die Seun van die lewende God, is.

Wanneer die apostels by monde van Petrus hierdie belydenis doen, vervolg Jesus: "Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou." Is hierdie rots nou Petrus, of die belydenis, of is dit Christus?

Die Heilige Gees skryf in Efesiërs 2 dat die kerk van Christus die gebou is wat op die fondament van die apostels en die profete opgerig is, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is. Petrus en die ander apostels is nie as mense nie, maar as verkondigers van die evangelie van Here Jesus Christus, die fondament van die kerk. Jesus Christus as die Gekruisigde is die hoeksteen of rots van die gebou. En hulle het Jesus Christus as die Gekruisigde verkondig. Van die apostels was Petrus inderdaad deur die genade van die Here die eerste wat Christus aan die Jode sowel as aan die heidene verkondig het – en deur middel van hierdie preke van Petrus het Christus sy kerk onder die Jode sowel as onder die heidene begin bou.

Die kerk van die Here, ek en jy as gelowiges, is die gebou van God wat Hy op die rots, Jesus Christus, oprig. As kerk is ons dus ook die geloofsvrugte van voorgeslagte aan wie God geopenbaar het Wie Jesus is. Wanneer ek en jy in lyn met hierdie openbaring nou Jesus Christus aan ander verkondig, bou God sy kerk verder op die rots en kry ons ook die voorreg om ons geloofsvrugte te mag sien.

Sing: Skrifberyming 15-1:1-4

Ds. CCA Vrey (Bellville)